*Dinsdag* **1**

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 40:1-15**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 40:8**

**Die skinker en die bakker – Here oor gelowiges en ongelowiges**

Die verhaal van Josef klink onregverdig: In Genesis 40 bevind hy homself onskuldig in die tronk, maar dan gebruik God hom in sy raadsplan. Hy stuur twee diensknegte van die farao, die hoofde van die bakkers en skinkers, oor sy pad. Terwyl die twee verhoorafwagtendes ’n tyd lank in die tronk was, kry elkeen ’n droom van die Here af wat hulle toekoms vir hulle wys.

Die Here gebruik vir Josef om hierdie drome uit te lê want slegs Hy ken die toekoms. Twee jaar later, wanneer die farao self ’n droom van die Here af ontvang, onthou die skinker van Josef en gebruik die Here weer vir Josef … om die *farao* se droom uit te lê. Die farao stel Josef aan oor sy koninkryk en so kon hy agt jaar later sy familie, Abraham se nageslag, van hongersnood red.

Het dit al gebeur dat jy jouself in ’n moeilike situasie soos Josef bevind? Dat jy nie weet waarheen nie? Moenie bekommerd wees nie. Die Here is volkome in beheer van ons lewens, ook van ongelowiges. Hy gebruik beide in sy raadsplan sodat sy wil kan geskied. Jesaja 32:27 – *“Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir my ontmoontlik?”* (NAV).

Sonder dat ons dit altyd besef, sonder dat ongelowiges dit weet, gebruik die Here mense in die uitvoering van sy wil. Regeerders en almal wat oor ons aangestel het, is daar as gevolg van die Here. Laat ons daarom in alle omstandighede weet dat die Here in beheer is. Ons hemelse Vader sal alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hy liefhet, al begryp ons nie sy raadsplan nie. Niks kan ons van sy liefde in Christus skei nie.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1*

*Ds. IV de V (Danie) Potgieter (Rietvallei)*